# Hoofstuk 20

DIE OPVOEDING VAN KINDERS (23.04.1840) HIM1.035

*O Meester, hoe moet die kinders grootgemaak word, sodat hulle waardig sal wees om eendag U kinders genoem te kan word?*

01] (**JaHshua spreek**) Wel, skryf dan! - Dit is 'n heel goeie vraag, waarop Ek jou 'n deurtastende antwoord sal gee. Maar sien toe dat, omdat Ek jou 'n behoorlike lig hierin gee, julle getroue herders van jul klein kuddes word, wat uit die dieptes aan julle gegee is, sodat julle hul tot **die hoogtepunt van alle nederigheid,** en aldus op die pad van alle Lewe bring, deur die **stralende vuur van My Liefde**. Maar dit sal vir julle baie moeitevol wees, en hierdie moeite sal julle lei tot versoening van die begeertes van die vlees, wat jul dikwels met julle vroue beoefen het, en waardeur aan julle kinders gegee is in die kleed van die hoer en 'n monument in die verwoeste Jerusalem en 'n wye en diepe graf onder die ruïnes van Babel.

02] Want, as jul wedergebore was uit die Gees van My liefde, sou jy die maagd, wat jy as vrou begeer het, vooraf kon reinig in die strome van die Lewende Water, wat sou gevloei het **uit julle wese** in oneindige oorvloed. En so sou julle huwelik 'n hemelse een gewees het, en julle kinders (**verwek in die begeerte van die engele, wat 'n ware eenheid van liefde met wysheid** is) sou kinders uit die hemele wees, en reeds halfpad wedergebore, waarin die saad van die Gees spoedig sou gedy tot vrugte in die nuwe aarde, wat in die groot tuine van die nuwe Jerusalem geleë is. En die opvoeding sou vir julle 'n groot blydskap wees in die Aangesig van julle Heilige Vader.

03] Maar noudat julle jul huwelik in die duisternis van die wêreld gesluit het, om die werke van die dood te verrig en die **vrugte van die hel te verwek**, **wat julle kosbare, bedorwe kinders is,** so is dit ook moeilik om die gif van die slang uit sy nakomelinge te onttrek. En dit kan nie anders gebeur nie, as deur die algehele afsterwe van die vlees en die algehele gevangeneming van die wil, want **die eiewil van sulke kinders is 'n suiwer helse of sataniese een**, waar daar ook geen enkele vonk is wat 'n hemelse een is nie.

04] Maar as julle dink Ek sê te veel hier, antwoord Ek: Toets julle nakomelinge, en jul sal niks anders vind as: Selfliefde, afguns, woede, luiheid, 'n afkeer in alles wat ernstig is, en 'n geheime, vasberade afkeer in alles wat goddelik is, sodat hulle slegs **deur straf of (wêreldse) sinlike beloning** beweeg kan word om iewers enkele karige sinne uit die harde kattegese te leer.

05] En nou, sou julle sulke dinge by julle kinders vind, sê en belei openlik dat Ek dit slegs vir julle sê vanuit My uitermate groot Liefde, vir die verlossing van julle kinders en van julle self; omdat julle kinders ware kinders van die hel is!

06] As julle nou nuwe liefdeskinders uit julle nakomelinge wil neem, moet julle blind wees vir 'n oulike en soepele masker en doof vir elkeen van hul (dwase) wense en hulle moet **reeds vroegtydig elke vonkie van hul bose eie-wil gevangeneem**, sodat daar plek gemaak word vir My Liefde en vir 'n nuwe wil daaruit.

07] Alles wat die kinders (halstarrig) begeer, moet julle hulle ontsê, selfs al is dit goed, sodat nie hulle wil, maar jou wil, lewend word, **deur oorgawe en regverdige en heilsame gehoorsaamheid in hulle harte.**

08] **Straf altyd die eiesinnigheid en onwilligheid, traagheid, afkeer vir die Goddelike, en bowenal 'n geheime minagting in die hart vir gesonde vermanings sowel as vir My Naam en alles wat daarmee te doen het.**

09] As hulle iets reg doen, **prys die kinders nie** en moet hulle **nog minder beloon**! Vertel hulle vriendelik en ernstig dat hulle 'n werk van die nuwe wil uitgevoer het, waaroor **die Vader in die hemele reeds 'n bietjie vreugde het.** En sou 'n kind, uit eie wil en in sy vrye tyd, iets gedoen het as ontspanning vir die liggaam, wat blyk iets goeds te wees, vra hom haarfyn uit wat hom daartoe beweeg het. En as jy dit tot op die bodem ondersoek het, of dit gebeur het uit selfliefde, of uit liefde vir die plig, of uit liefde vir julle, of uit liefde vir My, **wys dan altyd julle misnoeë of welgevalle daarvolgens**.

10] **Maar wees spaarsaam met julle liefkosinge**, soos die winter is met warm dae, sodat die vrugtelote nie vernietig word deur 'n volgende versoeking, soos lentebloeisels deur 'n laat ryp. Laat nogtans die koue winde gereeld waai, **sodat die peslug en die jong harte vir die welsyn van die Gees gesuiwer kan word**.

11] Leer aan die seuns **blindelingse gehoorsaamheid** en laat hulle die oorsprong van die Gebod in My Liefde herken. En bestraf hulle nuuskierigheid en oormatige (ongedisiplineerde) dobbelverslawing, en bring hulle streng tot rus.

12] Hou maar die meisies by die huis en laat selfs die geringste (onbetaamlike) begeerte nie in hulle ontwaak nie, al is dit in wat ookal. En moet ook nooit in die minste aan 'n begeerte toegee nie, totdat dit vir julle duidelik geword het **wat die geheimsinnige bron daarvan is.**

13] Waarsku hulle versigtig teen byeenkomste met **vreemde kinders wat 'n wêreldse opvoeding ontvang**, anders sal julle self swaar hael wolke byeenbring. En geen enkele koringaar sal gespaar word nie.

14] Met die ouderdom, gee ook julle regverdige strengheid sewevoudig vooruit.

15] Hoor liewer julle kinders huil in die kranklikheid (bedwelming) **van hulle verdorwe ydelheid**, as pretlokkers in hulle altyd hoogmoedige wêreldse plesiere, sodat julle kan word soos die engele in die

hemel, **wat groot blydskap het in die (berouvolle) wenendes van die wêreld.**

16] 'n Toornige meisie moet vas, sewe maal so lank as wat haar woede geduur het, **sodat sy so sag soos 'n duif kan word.**

17] **Laat julle liefde vir hulle verborge wees**, soos Ek voor julle oë is, sodat die nuwe, sagte vrug nie verstik in die hitte van 'n ontydige vuur nie. En (in die mate) soos die vrug wat uit die nuwe saad van die hemel spruit, homself sigbaar maak en voortdurend stewiger word, en soos die ware, suiwer liefde vir My al hoe meer sigbaar word in hulle harte, en daaruit 'n daadwerklike geloof, **maak ook so julle jul hart oop met verstandige liefde vir die (geestelik) nuutgeborenes**

18] Kyk, dit is die lewensweg vir julle kinders! **En dit is die enigste een, en buiten hierdie een is daar geen ander nie,** soos wat daar buiten My geen ander God is nie. Wie daarin wil wandel, sal seëninge vind en erken dat dit van My is. Wie egter wil lewe volgens die boek van die wêreld, sal sekerlik ook sy loon daar vind, by die prins van die wêreld in die put van die ewigheid. - Amen. Ek, God, die Allerheiligste, en JaHshua as Vader. - Amen.